# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 28

ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT

Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te[illegible]g om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle alma[illegible]ede van een en dieselfde liggaa[illegible]n sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Je[illegible]istus te buig en volgens di[illegible]s wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van [illegible]loof te dien.



En om [illegible]er te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges [illegible]le af te sk[illegible]ulle wat nie aan die kerk behoort nie en hulle by dié vergadering aan te sluit, w[illegible]d dit ook [illegible]estig het, selfs al so[illegible]tte van [illegible]een wees en daarv[illegible] do[illegible]yfstraf oplê.

Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.

 **ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT** 

Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie



Matteus 16:18-19: En Ek sê vir jou, jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou; en die poorte van Hades sal dit nie oorweldig nie. Ek sal vir jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook al op aarde toesluit, sal in die hemele toegesluit wees, en wat jy ook al op aarde vrylaat, sal in die hemele vrygelaat wees.”

Handelinge 2:47: Hulle het God bly prys, en die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het daagliks verlostes by hulle getal gevoeg.

Galasiërs 4:26: Maar die Jerusalem daarbo is vry; sy is ons moeder!

Efesiërs 5:25-27: Mans, julle moet julle vroue liefhê, soos ook Christus die kerk liefgehad het en Homself ter wille van haar oorgegee het, sodat Hy haar kon heilig, deurdat Hy haar gereinig het deur die was met water en die woord. Dit het Hy gedoen, sodat Hy vir Homself die kerk in heerlikheid daar kan stel, sonder vlek of rimpel of enigiets dergeliks, heilig en sonder smet.

Hebreërs 2:11-12: Want sowel Hy wat heilig maak as hulle wat heilig gemaak word, is almal uit Een. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie, wanneer Hy sê: “Ek sal u Naam aan my broers verkondig, in die byeenkoms sal Ek u lof besing!”

Hebreërs 12:22-23: Nee, julle het aangekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, by die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike byeenkoms, en 'n gemeente van eersgeborenes wat opgeteken is in die hemele, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die regverdiges wat vervolmaak is,

**Nederlandse Geloofsbelydenis** | **ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT** | **Artikel: 28**

Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit



2 Kronieke 30:8: Moet nou nie hardnekkig wees soos julle voorouers nie. Steek 'n hand uit na die HERE en kom na sy heiligdom wat Hy vir altyd geheilig het. Dien die HERE julle God, sodat sy brandende toorn van julle afgewend word.

Johannes 17:21: dat hulle almal een kan wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, en dat hulle ook in Ons kan wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

Kolossense 3:15: Verder, laat die vrede van Christus in julle harte regeer. As lede van een liggaam, is julle juis daartoe geroep. En wees dankbaar.

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT** **Artikel: 28**

Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp,

Hebreërs 13:17: Wees gehoorsaam en onderdanig aan julle leiers, want hulle waak oor julle siele, as diegene wat rekenskap sal moet gee – sodat hulle dit met vreugde kan doen, en nie al sugtend nie, want dit sal vir julle nie goed wees nie.

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT** **Artikel: 28**

Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig



Matteus 11:28-30: Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle, en leer van My, omdat Ek sagmoedig en nederig van hart is, en julle sal rus vind vir julle gemoed. Want my juk is draaglik en my las is lig.

**Nederlandse Geloofsbelydenis** **ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT** **Artikel: 28**

Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het,



Efesiërs 4:12: om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, om die liggaam van Christus op te bou

Nederlandse Geloofsbelydenis **ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT** Artikel: 28

Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien.



1 Korintiërs 12:7: Aan elkeen egter word die openbaring van die Gees gegee, met die oog op wat bevorderlik is:

1 Korintiërs 12:21: Die oog kan tog nie vir die hand sê, “Ek het jou nie nodig nie,” of die kop weer vir die voete, “Ek het julle nie nodig nie.”

Efesiërs 4:3: en julle daarop toe te lê om die eenheid wat die Gees bewerk, te bewaar deur die band van vrede

Efesiërs 4:15-16: maar dat ons eerder, terwyl ons in liefde aan die waarheid vashou, in alle opsigte na Hom toe sal groei. Hy, Christus, is die Hoof uit wie die hele liggaam, harmonieus saamgevoeg en saamgebind, deur die ondersteuning van elke gewrig, volgens die werking van elke deel afsonderlik, die groei van die liggaam bewerk tot sy eie opbou in liefde.

En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie



Numeri 16:23-26: Daarop het die HERE vir Moses gesê: “Sê vir die volksvergadering, ‘Gee pad rondom die blyplekke van Korag, Datan en Abiram!’ ” Moses het opgestaan en na Datan en Abiram gegaan, en die oudstes van Israel het hom gevolg. Toe praat hy met die volksvergadering en sê: “Kom tog weg van die tente van hierdie bose manne! Moenie aan enigiets raak wat aan hulle behoort nie, anders word julle meegesleur oor al hulle sonde.”

Jesaja 49:22: So sê my Heer, die HERE: “Kyk, Ek sal na die nasies my hand ophef, na die volke my banier omhoog hou. Hulle sal jou seuns bring in die vou van die kleed, en jou dogters op die skouer dra.

Jesaja 52:11-12: Wyk uit! Wyk uit! Trek weg van daar af! Aan iets onreins moet julle nie raak nie. Trek weg uit haar midde! Hou julle rein, draers van die HERE se tempelgereedskap! Julle mag egter nie oorhaastig wegtrek nie, nie op die vlug slaan nie; want die HERE gaan voor julle uit; die God van Israel vorm julle agterhoede.

Matteus 12:30: Wie hulle nie by My skaar nie, is teen My, en wie nie saam met My bymekaarmaak nie, verstrooi.

Handelinge 2:40: Met nog baie ander woorde het hy getuig en hulle aangespoor: “Laat julle uit hierdie korrupte geslag red.”

Romeine 16:17: Ek doen 'n beroep op julle, broers, om mense in die oog te hou wat verdeeldheid en struikelblokke veroorsaak, in stryd met die leer waarin julle onderrig is. Bly weg van hulle af.

2 Korintiërs 6:17: Daarom: “Gaan uit hulle midde uit en sonder julle af,” sê die Here, “en moenie aanraak wat onrein is nie.” “En Ek sal julle aanneem,”

Openbaring 18:4: Toe het ek 'n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan weg van haar, my volk, sodat julle nie ook deelneem aan haar sonde nie, en julle haar plae nie oor julle bring nie.

En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie en hulle by dié vergadering aan te sluit,



Psalm 122:1: Ek was bly toe hulle vir my gesê het: “Kom ons gaan na die huis van die HERE.”

Jesaja 2:3: baie volke sal gaan en sê: “Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, sodat Hy ons van sy paaie kan leer, en ons sy weë kan volg.” Ja, uit Sion sal daar onderrig kom, en die woord van die HERE uit Jerusalem.

Hebreërs 10:25: sonder om ons eie samekoms te verwaarloos, soos sommige se gewoonte is; laat ons eerder mekaar aanmoedig, soveel te meer nog namate julle dié dag sien nader kom!

En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie en hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood - of lyfstraf oplê.



Handelinge 4:17-20: Maar om te verhoed dat dit verder onder die volk versprei, laat ons hulle dreig, sodat hulle nie meer met enige mens in hierdie Naam praat nie." Hulle het hulle toe teruggeroep en hulle beveel om hoegenaamd nie meer in die Naam van Jesus te praat of onderrig te gee nie. Petrus en Johannes het hulle egter geantwoord en gesê: "Of dit reg is voor God om eerder na julle te luister as na God, moet julle self oordeel; want ons kan nie swyg oor wat ons gesien en gehoor het nie."

Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.

Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien.

En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie en hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood - of lyfstraf oplê.

Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.

Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie[1] - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit[2] en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp[3], die nek onder die juk van Jesus Christus te buig[4] en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het[5], die broers in die opbou van hulle geloof te dien[6].

En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie[7] en hulle by dié vergadering aan te sluit[8], waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood - of lyfstraf oplê[9].

Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.

1 Matteus 16:18-19; Handelinge 2:47; Galasiërs 4:26; Efesiërs 5:25-27; Hebreërs 2:11-12; Hebreërs 12:22-23
2 2 Kronieke 30:8; Johannes 17:21; Kolossense 3:15
3 Hebreërs 13:17
4 Matteus 11:28-30
5 Efesiërs 4:12
6 1 Korintiërs 12:7; 1 Korintiërs 12:21; Efesiërs 4:3; Efesiërs 4:15-16
7 Numeri 16:23-26; Jesaja 49:22; Jesaja 52:11-12; Matteus 12:30; Handelinge 2:40; Romeine 16:17; 2 Korintiërs 6:17; Openbaring 18:4
8 Psalm 122:1; Jesaja 2:3; Hebreërs 10:25
9 Handelinge 4:17-20